



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 6 Augustus 2020

Gedagte van die week:

'n Gelukkige gesin is 'n vervroegde hemel. (John Bowring)

Iemand wat sê dat in sy of haar familie daar geen dwase, uitbuiters of bedelaars is nie, is seker deur 'n weerligstraal verwek, maar nie deur vlees-en-bloed-mense nie. (Thomas Fuller)

Vertrekpunt:

Genesis 37:1-37

Meditasie uit die teks:

Abraham het gesukkel met Kain en Abel. Isak het gesukkel met Jakob en Esau. Jakob het gesukkel met Josef en sy broers. Geen wonder ouers is grys nie ... en dit het nie veel met hulle ouderdom te doen nie, maar meer met hulle kinders! Miskien kry ons kinders ons namens hulle oupas en oumas terug!!! En tog, ten spyte van die moeilikhede en die teenspoede, is daar hier en daar 'n mooi storie ingeweeft in die gesukkel, soos byvoorbeeld die aangrypende versoening tussen Jakob en Esau.

Hierdie week lees ons die lelike deel van Josef se storie, maar ons lees dit terwyl ons weet dat daar 'n mooi einde wag op "Joseph and his amazing technicolored dreamcoat". Elke keer wat ons hierdie mooi stories oor en oor tussen die lelike stories raaklees weet ons dat dit te danke is aan 'n ander Vader as die aartsvaders. Die aartsvaders en hulle kinders se gemors word elke keer genadiglik opgeruim deur die Hemelse Vader. Dit is hoekom ons hierdie stories móét lees, want dit gee ons hoop vir ons stories wat soms ook maar lekker morsig kan raak. Terwyl die Ou Testament die minder mooi geskiedenis sonder skaamte vertel gee dit vir ons hoop 'n mens moet dit net só lees.

Youtubeskakel:

Hier is jou skakel na Sondag 9 Augustus 2020 se reisgesprek. Jy is welkom

<https://youtu.be/SomvHrby-kM>

Meditasie uit die lewe:

Jare gelede het dinge verkeerd geloop in die kerkkantoor in Cradock en ek was verplig om tegelyk dominee en skriba te wees. Die agt-en-sewentigjarige alleenlopende tannie Joe Dreyer het uitgehelp, maar sy kon nie die rekenaarwerk doen nie, want sy was 'n kind van haar tyd wat nie geweet het van rekenaars nie. Ek moes alles wat sy deur die week in haar swart boekie met die rooi band opgeskryf het, op Vrydagoggende op die gemeente se rekenaar invoer. Een so 'n Vrydagoggend was Petro Skead ook in die kantoor. Sy was ons barmhartigheidstannie wat amper voltyds en sonder betaling oral kospakkies en klere uitgedeel het. Barmhartigheidsdiens was haar lewe alhoewel dit 'n baie ondankbare taak was wat haar soms laat kla het oor almal wat nie altyd wil saamwerk nie. Daardie spesifieke Vrydagoggend het ek voor die rekenaar en met my rug na haar gesit waar sy teenoor tannie Joe gekla het oor "Johan Carstens wil nie dit nie, en Marlene Williamson wil nie dat nie en die dominee luister nie eers as ek praat nie". Sy kon nogal haar stem buig na 'n baie besondere klaagliedtoonaard. Dit is toe net daar wat die alleen-dominee met die halwe-skriba "crack" en omdraai en vir Petro Skead skree, "Ag gaan k@k Petro Skead!" Vir 'n oomblik was ek en tannie Joe en Petro stomgeslaan, maar die volgende oomblik het ons begin lag en toe het ek en Petro mekaar gedruk en vergewe vir alles wat ons reeds gedoen het en nog gaan doen. Verlede jaar het ek met Pinkster in Cradock tydens een van die reisgesprekke die mense weer daaraan herinner dat hulle by Louis Ferreira kan gaan leer boer en by Petro Skead kan gaan leer omgee. Op die 11 de Julie is my halwe en rekenaarlose skriba, tannie Joe, oorlede en Dinsdag 4 Augustus verneem ek dat Petro ook dood is. Tannie Joe is dood van ouderdom en Petro van COVID. En nou is ek alleen oor en ek verlang na hulle. Ek wens ek kan weer een Vrydagoggend in Cradock se kerkkantoor saam met hulle tee drink sonder dat Petro kla en sonder

dat ek sonde doen, as jy weet wat ek bedoel. Snaaks hoedat 'n mens soms verlang na mense van wie jy nooit gedink het dat jy na hulle sal verlang nie! Kerkwees gaan oor mense, oor verhoudinge, oor verlang na mekaar! Soms bid ons, soms kla ons, soms preek ons en soms vloek ons, want ons is maar net mense. Maar ons het lief, só lief dat ons verlang! Partykeer weet ons eers wanneer ons verlang dat ons liefgehad het. Ek salueer julle, liewe tannie Joe Dreyer en goeie Petro Skead. En “sorry” weer, al is dit onnodig! En ek is ook oppad ... weet nog net nie wanneer nie.

Dankie dat jy my toelaat om hierdie nuusbrieff te misbruik om van my hartseer ontslae te raak. Jy kan my nou maar vloek of vergewe. Die keuse is joune! Ek sal dit vat soos Petro dit gevat het, met 'n glimlag en 'n druk!!

Weeklikse groepmeditasie

Ons doen ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by toit.wessels@hotmail.com voor of op die voorafgaande Maandag. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers ... ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om enige getuie, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrieff wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui “kanselleer nuusbrieff” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net